Kentekens op Erkenningsbaadjie van Verkenners

Regterkant:		***Linkerkant***
Groepkenteken Die groepkenteken kom in die middel van die skouer, ***100mm*** van die skouernaat af	***1.***	***Voortrekkerwapen*** Die Voortrekkerwapen kom in die middel van die skouer, ***100mm*** van die skouernaat af.
Voorslag Penkop en Drawwertjie (*) Indien die kenteken verwerf is, kom dit ***10mm*** van die onderkant van die groepkenteken af.	***2.***	***Gebiedswapen*** Die gebiedswapen kom ***10mm*** van die onderkant van die Voortrekkerwapen af
ABC-Toekenning Die kenteken kom ***10mm*** van die onderkant van die Voorslagkenteken af en slegs die hoogste toekenning word gedra. Indien die lid nie die Voorslag verwerf het nie, kom die ABC-kenteken **60mm** van die onderkant van die Groepkenteken af.	***3.***	***Kommandonaam*** Die kommandonaam kom ***10mm*** van die onderkant van die gebiedswapen af.
Spesialisasie kentekens en Feesjaarkenteken: Die Dagbreekgraadwiel word as die eerste Spesialisasiekenteken aangewerk in die middel, ***10mm*** van die onderkant van die ABC-kenteken af. Indien die lid nie die ABC-kenteken dra nie, kom die Dagbreekgraadwiel **50mm** van die onderkant van die Voorslagkenteken af. Indien die lid nie die Voorslag verwerf het nie, en ook geen ABC-kenteken dra nie, kom die Dagbreekgraadwiel ***100mm*** van die onderkant van die groepskenteken af. **Indien die verkenner nie 'n penkop of 'n drawwertjie was nie, word 'n dagbreekgraadwiel nie gedra nie.** Verdere kentekens word soos hulle verwerf word, ***10mm*** uitmekaar aangebring met die tweede kenteken naaste aan die knopekant van die baadjie. Die derde kenteken word die naaste aan die synaatkant van die baadjie aangebring. Die vierde, vyfde en sesde kentekens word onderskeidelik ***10mm*** onder die eerste, tweede en derde kentekens aangebring. Die sewende kenteken word ***10mm*** onder die vierde kenteken aangebring. Verdere kentekens word volgens dieselfde patroon aangebring.	***4.***	***Spankenteken*** Die Spankenteken kom ***10mm*** van die onderkant van die kommandonaam af.
	5.	***Rangkentekens:*** Die rangkentekens kom ***10mm*** van die onderkant van die spankenteken af.
(*) Wanneer 'n verkenner die hoofleierswag-/presidentverkennerkenteken verwerf, word die Voorslag PD-kenteken verwyder. Die hoofleierswag-/presidentverkennerkenteken kom dan in die plek daarvan. Dit is dus ***10mm*** van die onderkant van die groepkenteken af. Die Spesialisasiekentekens en die graadwiele bly.	***6.***	***Getroue Diensjare:*** Die kenteken kom ***10mm*** onderkant die rangkenteken. **Indien geen rangkentekens gedra word nie, kom die jukskei en/of voorjuk *50mm* van die onderkant van die spankenteken af.** 1. Na een jaar getroue diens word 'n oranje jukskei gedra. 2. Na jaar twee word dit vervang met 'n groen jukskei, jaar drie met 'n blou jukskei en jaar vier met 'n rooi jukskei. 3. Na vyf jaar getroue diens word die rooi jukskei met 'n oranje voorjuk vervang. 4. Na jaar ses word die voorjuk saam met die jukskei met die toepaslike kleur gedra. 5. Daarna word die voorjuk en die jukskei met die toepaslike kleure jaarliks aangepas. (Die voorjuk kom naaste aan die knope)
	7.	***Graadwiele*** Die eerste graadwiel kom in die middel, ***10mm*** van die onderkant van die getroue diens kenteken af. Die tweede graadwiel kom langs die eerste, ***10mm*** na die knopekant van die baadjie en die derde graadwiel kom langs die eerste graadwiel, ***10mm*** na die synaatkant van die van die baadjie. Die vierde graadwiel kom ***10mm*** onder die eerste graadwiel.

Januarie 2011

Verkenner Erkenningsbaadjie uitleg

Januarie 2011

REGTERKANT ***LINKERKANT***